LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 17/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Ou skoene

Victor Frankle was 'n Oostenrykse Jood. Hy was 'n gevangene in die Nazi konsentrasiekampe en skryf die volgende: "Everything can be taken from a man but one thing: the last of the human freedoms—to choose one's attitude in any given set of circumstances, to choose one's own way. When we are no longer able to change a situation, we are challenged to change ourselves." Voel dit nie asof ons vandag baie maklik kla oor ons omstandighede nie? Wanneer die omstandighede rondom ons nie na ons gemak is nie, wil ons kla daaroor. As dinge te moeilik raak of te veel van ons vra, trek ons ook maklik kop uit. Ek kan myself in min moeiliker omstandighede indink as wat die Jode ervaar het in die konsentrasiekampe en tog is dit asof ons makliker kla. Ons kan baie leer uit Frankle se storie, jou ingesteldheid bepaal hoe ons situasies ervaar. Niemand bepaal jou ingesteldheid, behalwe jyself. Ons kan maklik kla oor die skoene wat ons dra, maar ons skoene is vir ons gemaak. Ek dink die beste advies is dan, dra jou skoene met trots, soms is hulle bietjie uitgeweer, maar ons weet ou skoene wat uitgeloop is, dra die lekkerste.

## Goegieland

Ons doen 'n beroep op alle ouers om maats asseblief warm aan te trek soggens en om kleuters met skoene skooltoe te stuur. Die oggende is baie koud en ons kleuters se gesondheid is vir ons 'n prioriteit.

Ons wil graag vra vir donasies van vetplantjies. Hierdie is ons geskenkeprojek vir Oupa- en oumadag wat plaasvind die oggend van 6 Junie 2025. Onthou asseblief om te registreer op die Google-vorm sodat ons kan voortgaan met beplanning. Ons herinner u ook asseblief om leë blikkies te stuur sodat ons die vetplante daarin kan plant. Indien daar enige iemand is wat graag "potting soil" kan stuur sal ons dit ook verskriklik baie waardeer.

Ons herinner alle Graad 0-ouers aan die visuele sifting wat plaasvind op 29 Mei 2025. Stuur asseblief so gou as moontlik die briefies terug. Hierdie toetsingsdienste word gratis deur De Necker Optometriste aangebied.

Ons noem dan ook voorlaas dat ons nou gaan oorskakel na "Hot Chocolate" vir die koue wintermaande en gaan dus nie op Woensdae roomys eet nie, maar "Hot Chocolate/ Milo" drink.

Laastens nooi ons u graag uit om ons konsertkaartjies te koop vir "Soete Drome". Hierdie konsert beloof om groot pret te wees. Volg gerus die skakel om kaartjies te koop.

Die Skakel! → Soete Drome




## Dankbaarheid

DANKBAARHEID - Hierdie week is ons dankbaar vir God se Woord wat ons leer, en vir nog 'n dag wat die Here ons gespaar het.




## Week se Program

### 28 Mei 2025

- **Krieketproewe o/9**
- **Opedag Inligtingsaand 18:00 in skoolsaal**

### 29 Mei 2025

- **Hemelvaart**

### 30 Mei 2025

- **Opedag 14:30 tot 17:00**

### 31 Mei 2025

- **Bergfiets XCO Finaal te Nelspruit**
- **Landloop ASA te HS Oosterland**
- **Mini-netbal & Pumaki's te Laerskool Hoëveld**
- **Netbal Gert Sibande B-Kampioenskappe**



## Revue 2025 – Gr. 1 tot 7

Die Skakel!

AFRIKAANS met 'n SKOP

Afrikaans met 'n Skop. Indien u kind aan die revue wil deelneem, vra ons asseblief dat u die onderstaande skakel sal voltooi voor of op 30 Mei 2025. Ons sien vreeslik daarna uit om die 100ste verjaarsdag van Afrikaans te vier. Al die inligting word volledig beskryf in die Google-vorm.

## Akademie

Ons as personeel in die intersenfase is bekommerd oor die hoeveelheid kinders wat nie hul huiswerk in die middag voltooi nie. Die personeel by die skool gee oor die algemeen nie baie huiswerk nie, maar wanneer dit gegee word, verwag ons die kinders moet dit ernstig opneem en dit netjies en volledig voltooi. Huiswerk is belangrik in die vaslegging van begrippe. Ons kan nie verwag kinders moet presteer in hul eksamens, maar hul neem nie die huiswerk ernstig op nie. Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat huiswerk voltooi word, kom ons gee meer aandag hieraan. Soos u reeds bewus is begin die eksamen 9 Junie 2025. Omrede ons Departementele eksamens skryf is dit moeilik om afbakenings te stuur, ons kan wel die raamwerk waaruit die vraestelle bestaan aan u beskikbaar stel sodra ons dit vanaf die Departement ontvang. Dit is belangrik dat kinders vir tyd en wyl opsommings begin maak en hul voorberei vir die eksamen.

## Netheid

Netheid is vir ons baie belangrik. Kinders moet trots wees op hulself en ook hoe netjies hulle vertoon. Ons keur nie slordigheid goed nie. Ouers moet asseblief toesien dat wanneer u kinders die huis verlaat moet hulle netjies wees, hare netjies gekam, gesig skoon en netjies. Kleredrag moet ook netjies wees. Ons besef in die koue is ons soms in die versoeking om enige warm kledingstuk bo-oor die skoolklere aan te trek, dit is egter nie toelaatbaar nie. Trek eerder warmer aan onder die skoolklere. Leerders wat slordig lyk sal aangespreek word.

## Rugby MP-spanne

Baie geluk aan die volgende seuns wat gekies is vir die verskeie Mpumalanga Provinsiale rugbyspanne.


| | | |
|---|---|---|
| Zian Mocke | - | o/12B |
| Daantjie Lesch | - | o/12A |
| Jeandré Oosthuizen | - | o/12A |
| CJ Meyer | - | o/12A |
| Jayden v Aswegen | - | o/12A |
| JC Steenekamp | - | o/13A Cravenweek |

















| 26 Mei | 27 Mei | 28 Mei | 29 Mei | 30 Mei | 31 Mei | 1 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Anné Brits | Kian Osborne | Zeah Joubert | Adelein Pretorius | | Ethan Dodd |
| | | Mia v Eeden | Henru Smuts | Liané Rust | | Francois Kruger |
| | | | Shu-Ané v Meyeren | Willie-Uys Jv Rensburg | | Logan Bemelman |
| | | | | | | Nàdon Hibbins |
| | | | | | | Lyndon Dodd |
| | | | | | | William Schwab |
| | | | | | | Leia Zwarts |

# Dans

Baie geluk aan die volgende dansers wat podiumplekke behaal het tydens die dansbyeenkoms teen Laerskool Kruinpark.

**PERFORMING ARTS**

**o/7-Dogters L1**
Liebe Reinecke - 1ste
Duané Berry - 2de
Zeah Joubert - 3de

**o/9-Dogters L1**
Mione Mostert - 3de

**o/9-Seuns L1**
Aiden Steyn - 1ste
Handré Carstens - 2de
Nkazi Mahlangu - 3de

**o/11 Level 1**
Luan Vosloo - 2de

**o/11 Level 2-5**
Melandie Faber - 1ste
Janeke du Plessis - 2de
Zoe-Jane Steyn - 3de

**o/13 Level1**
Chantey du Plessis - 1ste

**o/13 Level 2-5**
Larochelle Schäde - 1ste
Mikayla Smit - 2de

**STREET**

**o/7-Dogters L1**
Charlotte Wasserman - 1ste
Zeah Joubert - 3de

**o/9-Dogters L1**
Janille Kgwadi - 1ste

**o/9-Seuns L1**
Aiden Steyn - 1ste
Handré Carstens - 2de
Nkasi Mahlangu - 3de

**o/11 Level 1**
Luan Vosloo - 1ste
Zani Venter - 3de

**o/11 Level 2**
Zoe-Jane Steyn - 1ste
JR Jansen v Vuuren - 3de

**o/13 Level 1**
Hailey Herbst - 1ste
Chantey du Plessis - 2de
Shon-D Coetzer - 3de

**o/13 Level 2**
Micke Botha - 2de

**o/13 Level 3 - 5**
Melandie Faber - 1ste
Larochelle Schäde - 2de




# Landloop Menlo Aflos

Op Vrydag, 16 Mei 2025 was dit die Landloop Menlo Aflos te LS Menlopark. Die o/11- en o/13-dogters het hul uitstekend van hul taak gekwyt en LS Goedehoop behaal 'n algehele 2de plek. Die o/11-dogters was 1ste en die o/13-dogters eindig in die 3de plek.

**o/11-dogters**
Emma du Plessis
Renesmé Becker
Charlize Labuschagne
Hayley Louw

**o/13-dogters**
Izanie Ferguson
Milan Zwarts
Chloé Kleb
Mia van Eeden




# Netbal

Op Dinsdag, 20 Mei 2025, het ons netbalspanne kragte gemeet teen Laerskool Standerton in ons laaste ligawedstryd. Dit is elke jaar 'n lekker, maar sterk kompetisie. Ons spelers het egter karakter gewys en hul harte uitgespeel. Baie geluk aan die o/11 A-, o/11 B- en o/12 B-spanne met hul pragtige oorwinnings!

## Skaak




Op Saterdag, 17 Mei 2025, tydens die Super 12 Skaaktoernooi, was Azer Hauptfleisch onoorwonne op Bord 6! Hy het al 5 sy rondtes gewen. Baie geluk Azer, ons is baie trots op jou!
Die uitslae van die skaak Super 12 is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Junior Skaakspan | - | 19de uit 23 skole |
| Senior Skaakspan | - | 21ste uit 23 skole |
| Algeheel | - | 21ste uit 23 skole |

## Gert Sibande A-span Kampioenskappe

Sterkte aan die o/11-, o/12- en o/13 A-spanne wat hierdie naweek deelneem aan die Gert Sibande A-Kampioenskappe by Hoërskool Ligbron Akademie in Ermelo. Mag julle dit geniet en net julle beste gee!

## Skaak








Woensdag, 21 Mei 2025 het Goedehoop 'n vriendskaplike skaaktoernooi aangebied. Die uitslae was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/9 | - | 2de |
| o/11 | - | 1ste |
| o/13 | - | 6de |

**Bordwenners**:

| | | |
|---|---|---|
| Janco Cronje | - | Bord 2 (o/9) |
| Jaunru Liebenberg | - | Bord 2 (o/11) |
| Johan Burger | - | Bord 5 (o/11) |

## Bergfiets




Ons is opgewonde om aan te kondig dat Marc Fourie, een van Suid-Afrika se mees ervare vaardigheids-bergfiets-afrigters, hierdie jaar 'n dag by ons gaan kom spandeer om ons maats te help! Hy is puik met wat hy doen en werk al jare met van ons land se beste ryers. Om te verseker dat elke kind die regte vlak van afrigting kry, is daar vier onderskeie groepe waarin u kind kan inskryf. Meer inligting hieroor, asook die inskrywingsvorm is beskikbaar in die skakels hieronder.

| | |
|---|---|
| Datum: | 7 Junie 2025 - Bespreek vroegtydig! |
| Plek: | Laerskool Goedehoop |
| Koste/ryer: | R400/ryer |

Yskoue koeldranke en 'n heerlike worsbroodjie is ingesluit. Ons sien daarna uit om saam 'n fantastiese dag op die baan deur te bring!

**Die Skakels!** → **Bergfiets WhatsApp** | **MTB Skills Clinic**

## Rugby vs Kruinpark

Op Donderdag, 22 Mei 2025 het Goedehoop kragte gemeet teen Laerskool Kruinpark in hul ligawedstryd.
Die uitstlae is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/9 | 42 - 5 | Verloor |
| o/10 | 17 - 15 | Wen |
| o/11 | 48 - 0 | Wen |
| 2des | 43 - 0 | Wen |
| 1stes | 35 - 12 | Wen |

Die o/10 en 1stes gaan deur na die kwartfinaal wat plaasvind op 3 Junie 2025 in Middelburg.




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**